

22

KERSFEES

Die geboorte van Jesus

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet beseft dat Kersfees die fees van Jesus se geboorte is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- die verhaal van Jesus se geboorte kan vertel.
- weet dat die geskenke wat die wyse manne vir Jesus gegee het, 'n teken is dat Jesus ons koning is.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees vir die geskenke wat hulle ontvang, want dit herinner ons aan God se geskenke aan ons.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- met Kersfees vir God dankie sê vir sy liefde.
- kan vertel wat Jesus se geboorte vir hulle persoonlik beteken.

MEER INLIGTING (Matteus 21-12; Johannes 3: 16)

Ons vier elke jaar op 25 Desember Kersfees. Kan julle nog onthou wat ons verlede jaar geleer het van Jesus se geboorte? Die engel Gabriël het in Nasaret vir Maria kom sê dat sy 'n baba gaan hê en dat sy Hom Jesus moet noem. Toe die keiser al die mense laat tel het, is Maria en Josef Betlehem toe, waar Jesus gebore is. Hy is in 'n stal gebore, want die dorp se slaapplekke was vol. Daar het skaapwagters na Hom kom kyk.

In daardie dae was dit die gebruik dat wanneer 'n besondere mens soos 'n koning gebore is, daar vir die persoon geskenke gebring word. So was dit ook met Jesus. Daar was sterrekykers

wat van ver af gekom het om hulde te bring aan Jesus wat gebore is. Hulle het drie soorte geskenke uit die ooste gebring: goud, wierook en mirre. Dit was in daardie tyd baie waardevol. Ons almal ken goud – dit is baie mooi en word vir pragtige juwele gebruik. Wierook is gebrand om 'n lekker geur af te gee. Mirre is gemaak van die gom wat sekere bome afgee. Dit is as medisyne gebruik. Met die geskenke het hulle eer aan Jesus gebring. Die wyse manne erken ook daarmee dat Jesus 'n koning sal wees.

Wanneer ons Kersfees vier, gee ons vir mekaar geskenke. Dit herinner ons daaraan dat Jesus geskenke van die wyse manne ontvang het om te erken dat Hy 'n besondere mens is. As ons Kersfees vir iemand 'n geskenk gee, sê ons daarmee dat die persoon vir ons spesiaal is. Die geskenke wat ons gee, herinner ons ook daaraan dat Jesus die grootste geskenk is wat nog ooit vir ons gegee is.

Wanneer ons vir mekaar geskenke gee, hoef dit nie groot en duur goed te wees nie. Wat belangrik is, is dat ons dankbaar moet wees vir elke geskenk, want dit herinner ons mos aan God se geskenk aan ons. Al gee ons iets kleins, is dit belangrik dat ons dit met liefde sal gee, want so het God ook sy geskenk, Jesus, aan ons gegee.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Indien prakties moontlik, reël voor die tyd vir die sing van Gesang 358.
- Toegevoede papier of karton waarop een van die volgende woorde geskryf is:
liefde; vergewe; Jesus; Verlosser; genade; dankbaar wees; ek glo; omgee; Christusfees; God se geskenk; geskenke gee; omgee
- Elke kind kry 'n ander woord. Indien daar meer of minder kinders is, gebruik eie diskresie.
- 'n CD-speler met gepaste musiek, of kies 'n maklike liedjie wat saam gesing kan word.

KOM ONS BEGIN

- Open met gebed.
- Indien prakties moontlik, sing saam uit Gesang 358 of lees dit voor:

*Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrevelde ruis.
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

*Hoor jy hoe sag die klokke beier
in eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.*

Voel jy ook nou sy warm liefde
as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
ons grootste Kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders vertel of hulle iemand geïdentifiseer het vir wie hulle selfs op 'n gereelde basis kan help.
- Kontroleer of hulle die aktiwiteit in die raampie geteken of neergeskryf het.
- Laat hulle die volgende stellings met *waar* of *vals* beantwoord:
 - Alle Jode het alle mense net so liefgehad as hulleself. (*Vals – hulle het nie mense liefgehad wat anders as hulle was nie.*)
 - Hulle het nie alle mense gehelp wat seer gehad het nie. (*Waar – hulle het nie mense wat anders as hulle was, gehelp nie.*)
 - Daaroor het Jesus 'n gelykenis vertel. (*Waar.*)
 - 'n Priester en 'n Leviet, wat Jode was, het 'n beseerde man gehelp en hom volledig versorg. (*Vals – hulle het hom net so laat lê.*)
 - 'n Samaritaan, op wie die Jode neergesien het, het hom gehelp. (*Waar.*)
 - Die Samaritaan het gemaak soos kinders van die Here behoort te maak. (*Waar.*)
 - Hy het die beseerde man net so 'n bietjie gehelp en hom toe ook net so laat lê. (*Vals – hy het hom volledig gehelp en versorg totdat hy gesond was.*)
 - Ons kan neersien op mense van wie ons nie hou nie. (*Vals – ons mag op niemand neersien nie.*)
 - Ons moet alle mense help wat probleme het. (*Waar.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra die volgende vrae aan die kinders:

- Wie van julle hou daarvan om geskenke te kry?
- Wat is die eerste ding wat jy doen as jy 'n geskenk kry?
- Wie was al so opgewonde oor die geskenk dat jy vergeet het om dankie te sê vir die persoon wat vir jou die geskenk gegee het?
- Hoekom gee ons met Kersfees vir mekaar geskenke?

Ja, een van die dae is dit Kersfees. Dit laat ons aan allerhande lekker dinge dink: vakansie, geskenke, kuier en lekker eet. Oral word dit mooi gemaak vir Kersfees. Hoekom vier ons Kersfees?

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel vir hulle die betekenis van Kersfees.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Ons vier elke jaar op 25 Desember Kersfees.
- Die engel Gabriël het in Nasaret vir Maria kom sê dat sy 'n baba gaan hê.
- Sy moet Hom Jesus noem.
- Dit was die gebruik dat daar vir besondere mense geskenke gebring is.
- So was dit ook met Jesus.
- Daar was sterrekykers wat drie soorte geskenke gebring het: goud, wierook en mirre.
- Dit was in daardie tyd baie waardevol.
- Met die geskenke het hulle eer gebring aan Jesus.
- Wanneer ons Kersfees vier, gee ons vir mekaar geskenke.
- Ons geskenke herinner ons daaraan dat Jesus die grootste geskenk is wat nog ooit vir ons gegee is.

IETS OM TE DOEN

Woord-rondomtalie

- Laat die kinders in 'n sirkel sit. Jy moet ook deelneem.
- Gee vir elkeen 'n toegevoede papiertjie met 'n woord daarop.
- Speel die musiek, of sing die liedjie saam.
- Elkeen stuur sy papiertjie kloksgewys na die volgende kind.
- Stop die musiek, of hou op sing.
- Begin deur iets te sê oor die woord wat op jou papiertjie staan.
- Daarna kry elke kind die geleentheid om dieselfde te doen.
- Herhaal die proses solank die tyd dit toelaat.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat die kinders met die ouers se hulp kaartjies maak wat hulle op Kersgeskenke kan sit.
- Die volledige instruksies is in die kinders se boeke.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Ons vier elke jaar op 25 Desember Kersfees.
- Die engel Gabriël het in Nasaret vir Maria kom sê dat sy 'n baba gaan hê.
- Sy moet Hom Jesus noem.
- Dit was die gebruik dat daar vir besondere mense geskenke gebring is.
- So was dit ook met Jesus.
- Daar was sterrekykers wat drie soorte geskenke gebring het: goud, wierook en mirre.
- Dit was in daardie tyd baie waardevol.

- Met die geskenke het hulle eer gebring aan Jesus.
- Wanneer ons Kersfees vier, gee ons vir mekaar geskenke.
- Ons geskenke herinner ons daaraan dat Jesus die grootste geskenk is wat nog ooit vir ons gegee is.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.

Belangrik:

Reël met een van die kinders om volgende Sondag af te sluit met gebed.